



Bou ons kinders vir môre

Konfirmasie 1

Lestitel: Ons geloofsbelydenis

'n Ouerhandleiding

Sondagskooltuisonderrig



Liewe Ouer

Welkom by die les: “**Ons geloofsbelydenis**”

Hierdie dokument gee u 'n basiese handleiding oor hoe die les aangebied kan word.

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Hier volg 'n paar wenke vir voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
1.	Verkry toegang tot die webtuiste van die Nuwe Apostoliese Kerk deur die volgende in te sleutel of deur op die volgende WhatsApp-skakel te druk: https://bit.ly/3NACSSHS
2.	Versamel die volgende hulpmiddels om te verseker dat u vir die les gereed is: • Bybel • Die les in PDF-formaat wat reeds voorberei is • Kind se werkboek, potlode, kryte, ens. • Die kort video, wat 'n addisionele / opsionele hulpmiddel is • Kategismus in Vrae en Antwoorde (veral vir Konfirmasie) Nota: 2.1: Die ideale tyd om die les aan te bied is na die Sondagoggendgodsdien, om sodoende in lyn met die normale Sondagskooltyd roetine te behou. 2.2: Hou die les so bondig (kort) moontlik. Hou die aandagspan (om te fokus op die les) van ons kinders in gedagte. U ken u kind die beste! Normaalweg duur Sondagskool nie langer as 45 minute nie. 2.3: Die les is vir 'n spesifieke klas (Sondagskool (SS), Godsdiensonderig (RI) of Konfirmasie (Conf)). 2.4: Kontak gerus u Konfirmasieonderwyser indien u ondersteuning vereis of van bogenoemde hulpbronne benodig.
3.	Bid (sien die gebed aan die einde van hierdie dokument) en vra God om u as instrument te gebruik om die les aan te bied soos Hy dit wil hê.



Bied 'n Sondagskoolles tuis aan

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Ons gaan voort om 'n paar wenke te gee rakende voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
4	Skep 'n aangename en steurnisvrye leeromgewing waar u en die kind / kinders op dieselfde vlak kan wees. Voorbeeld: Sit op 'n mat of om 'n tafel.
5	Lees die les deur. Lees weer deur die les sodat u dit verstaan. Kyk na die kort video van die les om 'n beter begrip van die les te kry.
6	Maak vir jouself aantekeninge oor belangrike punte wat jy graag wil onthou.
7	Verstaan die doelwit van die les, wat deur u kind onthou moet word.
8	Bied die les vir u kind aan.
9	Wys vir jou kind die video en bespreek die betekenis daarvan.
10	Verwys u kind na die aktiwiteit in die kind se werkboek (Ek wil ook ...)
11	Bid of vra u kind om te bid om sodoende die les af te sluit.

Beskikbare hulpmiddels vir tuisonderrig

Hiermee 'n paar hulpmiddels om die gehalte van die les te verbeter:

1. Gesels via WhatsApp met 'n ander Sondagskoolfamilie.
2. Bespreek die les met ander ouers om duidelikheid te kry voordat dit aangebied word.
3. Dit staan u vry om self navorsing te doen vir addisionele(ekstra) inligting.



Die Les

Lestitel	Ons Geloofsbelydenis
Bybelteks	Geen Bybeltekste vir hierdie les nie
Kategismus & V&A	Hoofstuk 2, V&A 29-50
Lesdoelwit	Die konfirmante leer van die oorsprong van die vroeëre kerk se geloofsbelydenisse, die betekenisvolheid van die vroeë geloofsbelydenisse vir die Nuwe Apostoliese Geloofsbelydenis en die inhoud van die Nuwe Apostoliese Geloofsbelydenis.

Lesopsomming:

'n Geloofsbelydenis is 'n geloofsverklaring van die gedeelde oortuigings van 'n godsdienstige gemeenskap. Dit is 'n samevatting van die kernoortuigings van 'n geloofsleer.

'n Godsdienstige denominasie definieer homself deur sy geloofsbelydenis.

1. Die oorsprong van vroeë kerkbelydenisse:

- Die Christendom het in die hele Romeinse ryk versprei en baie wat Christene geword het, het vorige geloofsoortuigings gehad.
- Hierdie gelowe en Christelike oortuigings het verwarring en geskille veroorsaak.
- Geloofsbelydenisse is geformuleer om eenvormigheid rakende die leer van Christus en sy apostels moontlik te maak.
- 'n Paar belydenisskrifte is geformuleer: die Apostoliese Geloofsbelydenis (Apostolicum), die Geloofsbelydenis van Nicea-Konstantinopel en die Athanasiaanse Geloofsbelydenis.

Kom ons kyk na die eerste twee en die Nuwe Apostoliese Geloofsbelydenis. Die Nuwe Apostoliese Geloofsbelydenis hou nou verband met die vroeëre geloofsbelydenisse.

Die Apostoliese Geloofsbelydenis (Apostolicum)	Die Geloofsbelydenis van Nicea-Konstantinopel	Die Nuwe Apostoliese Kerkbelydenis
"Ek glo in God, die Vader Almagtig, Skepper van hemel en aarde. Ek glo in Jesus Christus, sy enigste Seun, onse Here. Hy is verwek deur die krag van die Heilige Gees en gebore uit die Maagd Maria. Hy het gely onder Pontius Pilatus, is gekruisig, gesterf en is begrawe. Hy het neergedaal na die doderyk. Op die derde	"Ons glo in een God, die Vader Almagtig. Skepper van hemel en van alle dinge sigbaar en onsigbaar en in die een Here Jesus Christus, die eniggebore Seun van God, eniggebore van die Vader voor alle wêreldes, Lig van Lig, ware God van ware God, ontvang, nie gemaak nie, een wese met die Vader; deur wie alle dinge	<u>Die eerste artikel</u> Ek glo in God, die Vader, die Almagtige Skepper van hemel en aarde. <u>Die tweede artikel</u> Ek glo in Jesus Christus, die eniggebore Seun van God, onse Here, wat verwek is deur die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria, gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig, gesterwe en



dag het Hy opgestaan. Hy het opgevaar na die hemel en sit aan die regterhand van die Vader. Hy sal weer kom om te oordeel oor die lewende en die dode. Ek glo in die Heilige Gees, die heilige universele [katolieke] kerk, die gemeenskap van die heiliges, die vergifnis van sondes, die opstanding van die liggaam en die ewige lewe. Amen. "	gemaak is; wie vir ons mens en vir ons saligmaking van die hemel neergedaal het en het vlees geword deur die Heilige Gees van die maagd Maria en het mens geword ; Hy is gekruisig vir ons onder Pontius Pilatus, en het gely en is begrawe, en die derde dag het Hy opgestaan volgens die Skrifte en opgevaar na die hemel en sit aan die regterhand van die Vader; vanwaar Hy weer sal kom met glorie om die lewendiges en die dooies te oordeel; wie se koninkryk geen einde sal hê nie. En in die Heilige Gees, die Here en Skenker van lewe, wat van die Vader en die Seun uitgegaan het, wat met die Vader en die Seun kom saam aanbid word en verheerlik word en van wie die profete gepraat het. In een heilige universele [katolieke] en apostoliese kerk; ons erken een doop vir die afwassing van sonde; ons kyk na die opstanding van die dode, en die lewe van die wêreld wat kom. Amen. "	begrawe is, die doderyk binnegegaan het, weer op die derde dag opgestaan het uit die dode en opgevaar het na die hemel. Hy sit aan die regterhand van God, die Almagtige Vader, waarvandaan Hy sal terugkeer. <u>Die derde artikel</u> Ek glo in die Heilige Gees, die een, heilige, universele en apostoliese kerk, die gemeente van die heiliges, die vergifnis van sondes, die opstanding van die dode en die ewige lewe.
---	--	---

2. Die betekenis van die vroeë se belydenisse vir die Nuwe Apostoliese

Geloofsbelydenis:

- Die leerstelling van die Nuwe Apostoliese Kerk is gebaseer op die Heilige Skrif en dit was die taak van die apostolaat om die Skrif te interpreteer en ons Geloofsbelydenis, ons bindende geloofsuiting, te formuleer. Slegs die apostolaat kan die geloofsbelydenis verander.
- Die vroeëre geloofsbelydenisskrifte som belangrike inhoud in die Heilige Skrif op.
- Die eerste drie artikels van die Nuwe Apostoliese Geloofsbelydenis bely die geloof in die Drie-enige God, in Jesus Christus as ware God en ware mens, in Jesus se geboorte deur die



maagd Maria, in sy offerdood, in sy wederkoms, die stuur van die Heilige Gees, in die kerk, die sakramente en die ewige lewe soos geformuleer in die twee vroeëre kerkbelydenisse.

3. Die inhoud van die Nuwe Apostoliese Geloofsbelijdenis

Die eerste drie geloofsartikels stem grootliks ooreen met die Apostolicum (sien hierbo). Dit beklemtoon die betekenisvolheid van hierdie vroeë kerkbelydenis.

• Die vierde geloofsartikel

Ek glo dat die Here Jesus sy kerk regeer en daarvoor sy apostels gestuur het, en hulle tot sy wederkoms nog steeds stuur met die opdrag om andere te leer, om sondes in sy Naam te vergewe en met water en die Heilige Gees te doop.

• Die vyfde geloofsartikel

Ek glo dat diegene wat deur God vir 'n amp aangewys is, slegs deur apostels georden word, en dat die gesag, seën en heiliging vir hul bediening uit die apostelamp voortkom.

Die 4de en 5de Geloofsartikels verteenwoordig 'n interpretasie en verdere ontwikkeling van die vroeëre kerkbelydenisse soos dit op die bedienings van toepassing is.

• Die sesde geloofsartikel

Ek glo dat die Heilige Doop met water die eerste stap is na 'n hernuwing van 'n mens in die Heilige Gees, end at die persoon wat gedoop is, opgeneem word in die gemeenskap van diegene wat in Jesus Christus glo en Hom as hul Here bely.

• Die sewende geloofsartikel

Ek glo dat die Heilige Nagmaak self deur die Here ingestel is ter gedagtenis aan die eens gebragte, ten volle geldige opoffering en bittere lyding en dood van Christus. Die waardige deelname aan die Heilige Nagmaal bewerkstellig ons gemeenskap met Jesus Christus, ons Here. Dit word met ongesuurde brood en wyn gevier; beide moet geheilig en deur 'n ampsdraer, wat deur 'n apostel gemagtig is, bedien word.

• Die agste geloofsartikel

Ek glo dat diegene wat met water gedoop is, die gawe van die Heilige Gees deur 'n apostel moet ontvang om die kindskap in God te verkry en daarvolgens dus die voorvereiste om 'n eersteling te word.

Die 6de, 7de en 8ste geloofsartikels hanteer die Sakramente in ons kerk.

• Die negende geloofsartikel

Ek glo dat die Here Jesus sal terugkeer so seker as wat Hy na die hemel opgevaar het, end at Hy tot Homself sal neem die eersteling van die dooies en die lewendes wat op sy wederkoms gehoop het en daarvoor voorberei was; dat Hy na die bruilof in die hemel met hulle sal terugkeer om sy koninkryk van vrede op te rig end at hulle met Hom as 'n koninklike



priesterdom sal regeer. Aan die einde van die koninkryk van vrede sal hy die Laaste Oordeel hou. Dan sal God 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde skep en met sy volk woon.

In die 9de geloofsartikel word die geloof in Jesus se wederkoms en wat daarna sal gebeur verklaar.

• **Die tiende geloofsartikel**

Ek glo dat ek verplig is om die aardse owerhede te gehoorsaam mits geen goddelike wette daardeur oortree word nie.

Die 10de geloofsartikel verduidelik die verhouding wat die kerk glo behoort te bestaan tussen die individu en die gemeenskap.

- As Nuwe Apostoliese Christene behoort ons die Geloofsartikels te bely en en die belydenis behoort ons ingesteldheid van geloof te definieer.
- Die Geloofsbelydenis dien daartoe om ander mense in 'n bondige vorm in te lig aangaande die mees belangrike elemente van die Nuwe Apostoliese geloof.

Wat beteken hierdie les vandag vir ons?

- Dit het ons 'n begrip gegee van hoe geloofsbelydenisse in die vroeë kerk ontstaan het.
- Dit het ons eie geloofsbelydenis se ontwikkeling verklaar.
- Dit het 'n kort uiteensetting gegee van die geloofsartikels in die Nuwe Apostoliese Geloofsbelydenis.
- Ons wil die Geloofsbelydenis van die Nuwe Apostoliese Kerk bely.

Leer ons geloofsbelydenis uit die hoof en leef daarvolgens. Dit is belangrik dat jy elke geloofsartikel verstaan en dit is 'n goeie manier om ander te vertel waarin jy glo.

Sommige vrae wat ons kan vra:

1. Hoe is die Nuwe Apostoliese Geloofsbelydenis geformuleer en deur wie?

Antwoord: Die geloofsbelydenis is gebaseer op die Heilige Skrif. Die apostolaat is verantwoordelik vir die interpretasie van die Skrif en hulle is ook verantwoordelik vir enige verandering in die geloofsbelydenis.

2. Hoeveel geloofsartikels het ons in ons geloofsbelydenis?

Antwoord: Tien geloofsartikels

3. Watter geloofsartikels handel oor die sakramente van die kerk?

Antwoord: Artikels 6, 7 en 8



'n Gebed vir Pappa en Mamma om voor die les te bid:

Almagtige God, baie dankie vir hierdie dag

Seën alle ouers en kinders

Mag ons u teenwoordigheid aanvoel

Seën die les wat ons gaan hê

Leer ons hoe om U te dien

En help ons om U wil te doen

Sodat ons nader aan U groei

Stuur Jesus om ons te kom haal

En mag ons gereed wees om Hom te ontmoet

Amen



notas
